

4 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:14-21

Fokusgedeelte: Efesiërs 3:18

## Kennis van die liefde van Christus bind gelowiges saam

Paulus se gebed: "... dat Christus deur die geloof in julle harte kan woon", het nie net verreikende betekenis vir my eie lewe nie, maar ook vir die hele kerk van Christus. Die bede "Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek", wys die gelowiges op die eenheid, op die band wat hulle saambind. Hierdie band is die kennis van die liefde van Christus. Dit is nie net bloot verstandskennis nie, dit raak ook die hart van die mens. Dit is geloofskennis wat ons innerlike wese raak. Dit is geloofswetenskap waarin God se kind deur die werk van die Heilige Gees in God se diepste openbaring ingelei word. Hierdie liefde van Christus gaan die menslike verstand te bowe en as Paulus iets van die omvang van hierdie liefde wil beskryf, dan praat hy van wyd en ver en hoog en diep.

Christus se liefde vir sondaarmense is so wyd dat dit alle volke en tale en nasies insluit. Sy liefde is nie net wyd nie, dit strek ook ver – oor alle tye. Van geslag tot geslag. Dit was vir ons voorgeslagte, dit is ook vir ons en ons kinders en die geslagte wat sal kom. Hierdie sondaarsliefde van Christus was bereid om diep neer te daal in die afgrond van ons sonde en ellende en ons te red van die ewige dood.

Hy, ons Here Jesus Christus, het ons só liefgehad dat Hy nie net sy lewe vir ons afgelê het nie, maar dat Hy het ook ter wille van ons uit die dood opgestaan het. Hy het ons uit ons sonde opgewek tot die hoogte van 'n ewige lewe van vreugde en vrede en blydschap by God.

Hierdie onbegryplike liefde van Christus laat nie net vir my nie, maar ook vir die hele kerk waarmee ek innig verbind is, saam met Paulus uitroep: "O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God"! (Rom 11:33).

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4 of Psalm 89:6

Ds NG Laubscher (Emeritus)